Oktober 2009

Dagsê alle belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Verlede maand het ek geskryf oor R.A. Colquhoun wat sy hotel, die European, verkoop het om na Engeland terug te keer vir sy vrou se gesondheid. Voor hul vertrek het hulle ‘n afskeidsbal gegee vir al hul vriende en kennisse in Pretoria. Meer as twee honderd uitnodigings is uitgestuur en byna almal het die uitnodiging aanvaar. Die European Hotel was te klein en die bal is in die Union Club gehou. Die nuwe eienaar van die European Hotel, Vorstman & Co., was verantwoordelik vir al die reëlings.

Die Union Club was geleë in Pretoriusstraat reg agter die European Hotel. ‘n Goeie foto van die klub kon ek tot dusver nog nie opspoor nie maar sal probeer om volgende maand iets oor die geskiedenis van die klub te skryf.

In daardie jare was dit hoofsaaklik manne wat die klubs besoek het. Slegs by spesiale geleenthede is ‘n paar dames toegelaat. Daar was dus nie voorsiening gemaak in die klubs vir kleedkamers en ander geriewe vir dames nie en ‘n plan moes gemaak word.

Die volgende beskrywing van die voorbereidings het verskyn in De Volksstem van 23 November 1883. In die klub het hulle die afskortings tussen die ontvangskamer en die biljartkamer verwyder om plek te maak vir ‘n groot danssaal. Die vloer is geskaaf, vet gesmeer en gewaks. Alles is versier met foto’s, sierkranse [“garlands”], en lintslingers [“festoons”]. Mnr. Moorby op die klavier en verskeie ander kunstenaars het vir die musiek gesorg, onder andere met ‘n “cornet-a-piston” [blaashoring] en ‘n harmonium.

Die stoep van die klub en dié van die nuwe kothuis langsaan is met seil toegespan en aaneengeskakel. Die spasie wat so geskep is het gedien as ‘n heerlike promenade vir die dansers. Vier kamers in die kothuis is vir die dames as ontvangskamers ingerig.

Die spasie tussen die klub en mev. Russel se perseel aan die ander kant is ook toegemaak en sofas en kaarttafels is daar geplaas vir die rokers. Daar was ook kaarttafels in die klub self. Alhoewel baie mense die onthaal bygewoon het was dit nooit oorvol nie.

Agter is die spasie tussen die klub en die wilgerbome toegemaak met seil vir ‘n eetsaal. Die kante van die vertrek is met vlae versier. Daar was twee lang tafels gedek en ‘n dwarstafel het die twee tafels aan hulle bokante verbind. Die seildak is versier met blarekranse. Die ete is twaalfuur die nag bedien. Dr. Rutherfoord, die voorsitter van die klub, het die heildronk op die gasheer en gasvrou ingestel en hy het hulle ‘n aangename reis en ‘n spoedige weersiens toegewens.

Vorstman & Co. van die European Hotel was die spyseniers. Daar was gedans totdat die son die volgende oggend opgekom het. Die volgende aand was daar ‘n bal vir jongmense gehou.

Agtergrondstudie: R. Moorby

In Maart 1874 word in De Volksstem berig dat mnr. Moorby, ‘n klavierstemmer van Natal, Pretoria sal besoek. Twee maande later plaas hy ‘n advertensie dat hy by De Meillons se Hotel gekontak kan word om klaviere te stem.

‘n Paar jaar later vestig hy hom in Pretoria. In November 1882 lewer hy ‘n klavier uitvoering in die European Hotel tydens die verjaarsdagviering van die koning van Portugal. Hy het ook viool gespeel en sy naam word genoem as violis tydens ‘n konsert van die Wesleyan Kerk. Twee maande later verskyn daar ‘n advertensie in

die koerant dat hy klavier-, viool- en sanglesse gee. Hy verkoop ook musiekinstrumente.

Hy het ‘n orkes in Pretoria begin en in Maart 1883 word ge-adverteer dat hulle elke Woensdagaand ‘n “Quadrille Party” in die Masonic Hall sal hou.

In Julie 1883 is daar ten bate van die begraafplaasfonds ‘n uitvoering van die Messias van Handel in die Masonic Hall gehou.  So ver ek kon vasstel was dit die eerste keer wat die Messias in Pretoria uitgevoer is.  Van die persone wat opgetree het was o.a. die mejj. Rissik, S. Marais, Cooper en Roos.  Dan ook mevv. Kriel, van Manen en Field.  Die dirigent was mnr. R.B. Moorby, die orrelis mnr. Buskes en die pianis mej. Nettie van Manen.

‘n Paar maande later word berig dat die Philharmoniese Vereniging ‘n tweede opvoering in die Masonic Hall gaan gee.  Dele van die Messias, Trovatore [Il Trovatore] en Bohemian Girl [La Bohème] sal opgevoer word.

Sal dit nie wonderlik wees as daar iewers nog ‘n program, en moontlik foto’s, van die geleentheid bewaar gebly het nie?  Miskien ontdek iemand dit nog eendag.

Al die inligting kom uit die koerant De Volksstem. Datums waarop die stukke in die koerant verskyn het is op aanvraag beskikbaar.

------------------------------------------------------------

Wat staan op die ou wakis?  Dit lyk na JANUARY 1838 JACOBUS en die res is onverstaanbaar.  Kan iemand miskien help?



Groete tot volgend maand.
Rosa Swanepoel